

SA VROUE TOT DIE REDDING

Die een is 'n vrywillige werker, die ander 'n militêre verpleegster. Hulle deel een passie: om mense in nood te help. Elmarie Hall en Thania Bouwer het al in verre lande soos Algerië en Iran oorlewendes van aardbewings help opspoor. Die TV-joernalis Paula Slier het met hulle gepraat.

Elmarie Hall en Thania Bouwer is twee vroue wat nie wegskram om hul hande na ander uit te steek nie. Hulle verlig lyding en bring hoop in ramp-situasies waar net wanhoop is.

Om ná 'n aardbewing iemand se geliefde tussen die puin op te spoor, of die hartseer tyding oor te dra dat die soektog tevergeefs was, of om net aan iemand te raak wat getraumatiseer is, 'n pleister op 'n skraapplek te plak, dit hou dié twee Afrikaanse vroue nederig, en vervul hulle met dankbaarheid dat hulle te midde van 'n chaos iets vir hul medemens kan beteken. Al is dit nie eens hul landgenote nie.

Albei sê die dankbaarheid en vrygewigheid van mense wat alles verloor het, sal hulle lewenslank bybly.

ELMARIE HALL: Mense wat alles verloor het, bring vir jou die bietjie kos wat hulle het

"Op 'n punt sien jy net die hope puin. Maar dan sien jy skielik iets raak, iets baie persoonliks. Soos 'n teddiebeer. Op daardie oomblik verander die prentjie van net nog 'n hoop puin na: hier het iemand gewoon, hier was iemand se lewe," sê Elmarie, bemarkingshoof van Britse toerisme in Afrika en die Midde-Ooste, en 'n vrywillige reddingswerker.

"Maar jy durf nie toelaat dat dit jou emosioneel raak nie, want dit sal jou so oorweldig dat jy nie sal kan aangaan nie."

Na die Algerynse aardbewing in Mei verlede jaar het sy met 'n notaboek in die hand tussen die Suid-Afrikaanse reddingswerkers gestaan om tred te hou met wie wat waar doen. In Iran was sy een van drie vroue in 'n span van 47 wat handskoene aangetrek en saam met reddingswerkers tussen die puin na oorlewendes gesoek het.

"Dit verander jou siening van sake. Jy's in 'n ander land, halfpad om die wêreld, waar mense 'n ander taal as jy praat en 'n ander God aanbid, maar hul pyn bly dieselfde. 'n Ma wat 'n kind verloor, is altyd 'n ma wat 'n kind verloor ..."

Dit klink miskien afgesaag, sê sy, maar sy's nog altyd aangetrek deur situasies waar sy voel sy kan 'n verskil maak.

"Iets hier binne dryf my om die soort mens te word op wie ek kan trots wees. Dié soort sendings het die manier waarop ek na die wêreld kyk, verander. Dit het my meer verdraagsaam en medelydend gemaak. Ek glo die wêreld sal 'n beter plek wees as meer mense net een keer iemand anders se pyn kan ervaar. Ons is almal so geneig om so maklik oor alles te kla – ons lewe, ons werk, dat ons nie genoeg geld verdien nie. Maar wanneer jy mense teëkom wat absoluut alles verloor het en met al hul aardse besittings op hul rug in ou sakkies ingebondel word, besef jy daar is belangriker goed om jou oor te kwel. In net tien sekondes kan 'n hele gesin verwoes word, en daar is geen waarskuwing wat jou tyd gee om te groet nie."

Dis onverskrokke, gevaarlike werk, en dalk makliker om te verstaan as dit deel is van jou alledaagse werk. Maar dis nie met Elmarie die geval nie. Dié dertigjare Johannesburger is 'n vrywilliger en haar base is deeglik bewus waar haar prioriteite lê. Al het sy haar hande vol met toerisme, keer dit haar nie om alles waarmee sy besig is te los die oomblik dat sy van 'n natuurramp hoor nie.

Dit het nou al twee keer gebeur. Eers in Algerië en toe einde verlede jaar in Iran toe groot stede deur massiewe aardbewings getref is.

Dit was nog altyd Elmarie se passie om te help, maar sy het eers twee en 'n half jaar gelede 'n uitlaatklep daarvoor gevind toe 'n vriendin haar van "Rescue South Africa" vertel het. Dié vrywilliger-organisasie bring brandbestryders, reddingswerkers, paramedici en dokters van nooddienste oor die hele land bymekaar wanneer rampe soos aardbewings, oorstromings, vulkaniese uitbarstings of brande stedelike gebiede tref.

Al is Elmarie se rol meestal logistiek van aard, help sy waar sy >



Heel links: Vroue in hul tydelike huisvesting in Zemmouri, Algerië, ná die aardbewing verlede jaar. Bo: 'n Inwoner stap oor bouvalle in Bordj-Manaeiel, Noord-Algerië, in Mei 2003. Onder links: 'n Algemene gesig in 'n rampgebied: reddingswerkers en 'n snuffelhond in 'n verwoeste dorp. Regs onder: Elmarie Hall, vrywillige lid van die SA noodspan, by 'n voorrade-tent. Sy help ook om die spanne te organiseer wanneer 'n noodtoestand ontstaan.

'EK GLO DIE WÊRELD SAL 'N BETER PLEK WEES AS MEER MENSE NET EEN KEER IEMAND ANDERS SE PYN KAN ERVAAR'

< ook al nodig raak. Sy het die Rescue SA-webtuiste* op die been gebring, en sy is die een wat, wanneer sy van 'n ramp hoor, binne minute begin rondbel om die span te mobiliseer, en borgskap, vliegkaartjies, toerusting en die uitklaring van paspoorte te reël. Dis 'n reuse-verantwoordelikheid, wat voortduur nadat sy en die span in die rampgebied aangekom het.

"Die logistiek verskil elke keer omdat elke sending anders is. Toe ek die eerste keer gegaan het, was ek ongelooflik opgewonde, maar ook regtig bang oor wat my te wagte was. As jy nog nooit in 'n bepaalde situasie was nie, is jy nie seker hoe jy gaan reageer nie. Ek was bang dat ek myself en al die ander in die steek sou laat."

Maar sy was onnodig bekommerd. 'n Mens het dit of jy het dit nie om teen sulke situasies opgewasse te wees, sê Elmarie. Een herinnering wat haar bybly, is haar en die span se soektog na Yasmien Djoubati, een van 'n 21-jarige Algerynse tweeling.

"Haar gesin het vertel hulle het in die kombuis gesit en eet toe die aardbewing kom. Yasmien het oomblikke tevore opgestaan om iets uit haar slaapkamer te gaan haal. Ons het ure lank gespartel om haar liggaam te bereik, maar dit was onmoontlik. Toe ons vir die gesin so sê, het hulle gevra of dit beteken dat sy dood is.

"Ons het toe eers besef hulle het vier dae lank bly hoop dat sy oorleef het. Haar ma het ineengestort en haar pa en oupa het begin skree. Dit was baie hartseer om hul pyn te aanskou. Die tolk het later kom vra of ons enigiets – 'n vinger, 'n haar, 'n nael, enigiets, kon vind. Ek moes verduidelik dat daar niks was nie. Toe het haar ma my omhels en dankie gesê.

"Dit was die ongeloofste ervaring van my lewe. Ek sal dit nooit vergeet nie."

En nog minder die verwoesting en trauma wat sy maande later in Iran aanskou het. Volgens die jongste statistieke het tot 41 000 mense daar gesterf.

"Bam was soos 'n spookstad. Daar was geen geluide nie, net hope en hope puin. Dit was so onheilspellend. Teen die laaste dag kon jy die lyke ruik; 'n mens het nie honde nodig gehad om hulle uit te snuffel nie. Daar was so baie van hulle. Hulle het nooit mense geword nie – hulle was net lyke."

Wanneer sy, terug in Suid-Afrika, op televisie na die beeldmateriaal kyk, besef sy die ondervinding het haar nederig gemaak.

"Ek bly dink dat miljoene mense oor die wêreld die beeldmateriaal gesien het, maar ék het deur daardie strate geloop, die puin geskuif, die geskree gehoor. Ek is lid van Rescue South Africa omdat ek omgee en wil help, maar daar is miljoene mense in die wêreld wat dié beskrywing pas. Ek voel ongelooflik bevoorreg om deel van die span te wees."

Maar die aangrypendste van alles is die oorlewendes se dankbaarheid. "Mense wat niks oor het nie en met die paar besittings wat hulle nog het in hul motor slaap, bring vir jou die bietjie kos wat hulle het. Dit gryp jou aan die hart. En dit breek jou hart. Dis al manier waarop hulle kan dankie sê. 'n Irannese sakeman het sy winkel in Teheran gesluit en sowat 1 200 kilometer Bam toe gery. Hy het na ons toe gekom en gesê: 'Julle het gekom om my mense te help, en ek het gekom om julle te help.'

"Ons laaste dag in Iran was bitter koud. Ons het straatblokke ver gestap en was gereed om om te draai. 'n Openbare bus het in die middel van die pad stilgehou en die bestuurder het ons nader geroep. Hy het met handgebare beduie ons moet met al ons honde en toerusting inklim en hy't ons afgelaai waar ons moes wees. Waar ons ook al gegaan het, het mense na ons toe gekom, hul hande teen mekaar gesit en in dankbaarheid 'n buiging gemaak. Dit laat jou nederig voel om in so 'n situasie te wees. Dit maak alles die moeite werd."

THANIA BOUWER: Net iemand om aan hulle te raak

"Daar was 'n man met 'n klein skaafplek aan sy been. Ek het daarna gekyk, dit gedruk en gesê dis nie ernstig nie. Ek moes vinnig bepaal wie se behoeftes dringend was en wie s'n nie. Syne was nie," glimlag maj. Thania Bouwer. Sy vertel van die reddingsoperasie ná die aardbewing in Algerië.

Dit was die eerste keer dat die nasionale weermag 'n militêre en 'n militêre mediese span na die buiteland gestuur het om ná 'n aardbewing bystand te bied. Thania was hoof van die mediese afvaardiging.

"Ek het later gesien dat een van die medici Dettol op die man se wond sit, die hare rondom afsny en 'n pleister opplak. Dit was onnodig, maar dit het my laat besef dis wat die man nodig gehad het. Dis trouens wat al die Algeryne wat die aardbewing oorleef het, nodig gehad het – net iemand om aan hulle te raak, 'n bietjie liefdevolle versorging."

Die herinneringe maak haar hartseer, veral as sy terugdink aan die oorweldigende gevoel van verlies. Dis asof dit dik in die Algeriese lug gehang het.

"Dié gewaarwording het jou oral agtervolg. Die verlies van geliefdes, en van geboue. Dit was vir my 'n vreemde atmosfeer >

Thania Bouwer, 'n opgeleide verpleegster en soldaat, is in haar element wanneer sy mense in 'n noodsituasie kan help.

'n Reddingspan met 'n paar snuffelhonde voor hul terugkeer na SA. Heel links (middel) is Paula Slier, skrywer van die artikel.

< – die stilte en die doodsheid in die mense op straat se oë."

Thania het die opstel van 'n noodeenheid gekoördineer, besoeke aan omliggende hospitale en klinieke gereël, en seker gemaak dat die Suid-Afrikaanse span medies versorg was. Dit was haar tweede internasionale pos – sy is vroeër Lesotho toe gestuur.

"Ek gaan graag op reddingsoperasies. Die weermag het my dikwels na Lohatla, buite Postmasburg, 200 km van Kimberley, gestuur om soldate te ondersoek en siekes te behandel. Dis vir my lekker om in 'n noodomgewing te werk. Dis 'n adrenalien-inspuiting. Daar is geen roetine nie en elke pasiënt en ongeluk is anders."

Thania het met 'n vierjaar-graad in verpleegkunde twee jaar lank in 'n staatshospitaal gewerk voor sy op 24-jarige ouderdom by die weermag aangesluit het.

"Dit was altyd my droom om uniform te dra. Ek kon dit skaars glo toe die weermag my aansoek aanvaar. Daar is jy nie net 'n verpleegster nie; jy's eerstens 'n soldaat. Daar's dikwels 'n fyn balans tussen die twee."

Sy het oor die jare heen verskeie trauma-kursusse voltooi en ook lugvaart-medisyne studeer. Op 33 is Thania bevorder tot programkoördineerder vir gevorderde militêre medisyne aan die School for Military Health Training Advanced Life Support Training Wing waar sy kursusse in slagveldtrauma aanbied. Die oproep vir ondersteuning in Algerië het op die laaste dag van een van dié kursusse gekom.

"Ons moes nog die opleiding voltooi en daardie aand die gradeplegtigheid hou. Daarna moes ek al die toerusting organiseer en oorsiglyste saamstel. Ek het die nag teen so halfeen by die huis gekom en het net twee uur gehad om te pak, te reël dat vriende my hond versorg en by die lughawe te kom.

"Ek was nie seker wat ek gevoel het nie. So baie gedagtes het deur my kop gemaal.

"Kan dit waar wees? Gaan ek veilig wees? Wat gaan ek anderkant sien? Ek was bang vir die onbekende. Maar ek het net geweet ek moet gaan help. Dit was die eerste keer dat ek in 'n groot vliegtuig gevlieg het en ek het nie besef daar is so min beenruimte nie," lag sy.

"Ek het regtig nie geweet wat om te verwag nie. Op TV sien jy net die verwoesting. Ek het half verwag daar sou groot gate in die aarde wees. Dit was 'n groot verligting dat daar 'n gebied was waarop ons kon land.

'EK IS NOU DANKBAARDER VIR GOED WAT EK EERS AS VANSELFSPREKEND AANVAAR HET'

"Ek het ook verwag dat daar meer ernstige beserings sou wees en was verstom dat soveel mense net skraapwonde en kneusplekke opgedoen het. Die algemeenste klagte was van mense wat hul bloeddruk-medisyne verloor het. Baie het ook nie sedert die aardbewing geslaap nie. Hulle het niks behalwe die klere aan hul lyf besit nie, was steeds op soek na hul geliefdes en was baie bang. Die meeste het aan posttraumatiese stres gely."

Dis iets waarvan Thania deeglik bewus is. Sy glo almal wat Algerië toe gestuur is, of hulle dit erken of nie, "sit met gedagtes en terugflitse, dalk 'n mate van posttraumatiese stres. Die hartseer wat in Algerië in die lug gehang het, is steeds in my agterkop," sê sy.

Nog 'n herinnering wat haar bybly, is die massiewe na-bewing wat die span ervaar het. Dit was net 'n rapsie ligter as die aanvanklike aardbewing wat soveel verwoesting gesaai het.

"Dit was elfuur die oggend en ek was in my tent besig om my mediese tas reg te pak. Skielik was daar 'n geweldige skudding en ek het gehoor hoe die stadion rammel. Buite het ek mense hoor skree dat die geboue ineenstort. Dit het net 'n paar sekondes geduur, maar ek was regtig bevrees die aarde sou oopskeur en my insluk. 'n Mens dink altyd dat die aarde geborgenheid bied, 'n vastestof is, maar dan besef jy skielik dis nie so stabiel nie. Agterna was daar 'n doodse stilte. Die volgende oomblik kon jy die sirenes, ambulanse en polisiemotors hoor."

Sulke ervarings het Thania se geloof versterk.

"Ek is 'n Christen. Wanneer jy sulke goed sien, besef jy God het jou die krag gegee om ander mense in wanhoop te help en jou staande hou. Wanneer jy as medikus pyn sien, moet jy jou kan distansieer. Daarom is dit so belangrik om weer in voeling met jouself te kom wanneer jy tuis kom.

"Ek is nou dankbaarder vir goed wat ek eers as vanselfsprekend aanvaar het – om geliefdes naby my te hê, en om kos, 'n dak oor my kop en 'n motor te hê. Ons besef nie dat ons gesondheid 'n groot geskenk is totdat ons siek word nie. Ek het nog nooit op een plek soveel pyn soos in Algerië gesien nie. Ek dink die ontsaglikheid daarvan het my baie meer gevoelig gemaak vir ander mense se lyding."

Maar dit was die waardering van die plaaslike inwoners wat haar die diepste geraak het. Die Suid-Afrikaners het saam met die Tunisiese mediese span 'n noodhulpkliniek in 'n vlugtelingkamp ingerig.

"Die plaaslike inwoners het matte aangedra uit die tente waarin hulle geslaap het – van die min besittings wat hulle kon red – en dit vir ons op die grond neergesit sodat ons mense daarop kon ondersoek. Ek sal nooit die gesigte van die baie mense vergeet wat met hul hande teenmekaar gedruk kom dankie sê nie.

"Jy kon die dankbaarheid ook in hul oë sien. Ek kan dit nie verduidelik nie, maar daar was 'n ongelooflike uitdrukking van dankbaarheid. En hulle het bly kos aandra om hul dank te betuig. Dit maak jou verlee dat jy eintlik so min doen en dat mense wat werklik so min het, so dankbaar is." ■

★ Besoek www.rescue-sa.co.za vir besonderhede hoe om 'n vrywilliger te word.